**Vrywaring:** By die Universiteit Stellenbosch (US) stuur ons 'n aanvanklike gradeplegtigheidskennisgewing aan alle voorgraadse finalejaar- en nagraadse studente voordat ons die graduandilyste vir ons gradeplegtighede finaliseer. Daarom moet die ontvangs van die kennisgewing nie as 'n bevestiging geïnterpreteer word dat jy gaan gradueer nie.

Ons Desember-gradeplegtighede begin Maandag 8 Desember 2025. Indien jy kwalifiseer om te gradueer, sal ons Woensdag 3 Desember vir jou 'n e-pos ter bevestiging stuur. Gaan asseblief ook die gradeplegtigheidskedule en graduandi-naamlyste onder Gradeplegtigheidsprogram na.

Om in aanmerking te kom om te gradueer, is dit noodsaaklik dat jy aan al die vereistes van jou kwalifikasie voldoen. Neem asseblief 'n oomblik om te seker te maak dat jy aan al die nodige vereistes voldoen, aangesien foute soms kan insluip.

Let asseblief daarop dat studente wat 'n module gedurende die tweede assesseringsgeleentheid (A3-assesseringstydperk vanaf 20 November tot 6 Desember 2025) aflê en slaag, nie in Desember sal gradueer nie. Jy sal dan jou kwalifikasie gedurende die gradeplegtigheidsiklus wat vir 23–27 Maart 2026 geskeduleer is, ontvang.

## Verkeerde persoonlike inligting in gradueringsdokumente

Jy moet jou persoonlike inligting (naam of name en van) so gou moontlik op jou studenteprofiel bevestig, aangesien jou gradueringsdokumente die besonderhede wat ons op rekord het, sal vertoon. Indien jy sou versuim om jou besonderhede te bevestig of by te werk, en jou gradueringsdokumente wat jy by die gradeplegtigheid ontvang het, of wat per koerier afgelewer is, of by die Rekordkantoor afgehaal is, verkeerde persoonlike inligting bevat, sal 'n bykomende bedrag van R500 betaalbaar wees vir die heruitreiking van die dokumente.